

“Oppas vir die yskas” en “Spoke”

Naam:

In hierdie les gaan jy twee gedigte lees en vrae oor elkeen beantwoord.

A. As jy kyk na die gedig se titel en die prente langs die teks voor jy die gedig lees, waarom dink jy handel hierdie gedig?

OPPAS VIR DIE YSKAS

(deur Jaco Jacobs)

Ons yskas is soos iets

*uit
wetenskapfiksiefiek.*

Dit ruik erger as 'n ontploffing

In 'n kunsmisfabriek.

*'n Botterplas voor die deur
wag net om jou te laat gly.*

*Die appels is gekrimpte
koppe,*

*die piesangs gloei
neongroen,*


*die mayonnaise lyk soos slyk,
daar moet 'n BIOHAZARD-teken
tussen die yskasmagnete pryk.*

Die kaas het lang blou hare.

Die polonie begin al grom -

die krag was af toe ons

van die vakansie terugkom ...



Klasbespreking

1. Wat is die sentrale idee van hierdie gedig?

2. Het julle yskas of vrieskas al afgegaan terwyl julle weg was met vakansie? Vertel wat gebeur het.

3. Wat bedoel Jaco Jabobs met "Dit ruik erger as 'n ontploffing in 'n kunsmisfabriek"?

4. Waar sal mens gewoonlik 'n biogevaarteken sien en hoekom?

5. Hoekom sê Jaco Jacobs dat daar eintlik 'n biogevaarteken op die yskas behoort te wees?

6. Wat is slyk en wat beteken die vergelyking "die mayonnaise lyk soos slyk"?

7. Wat is die lang blou hare op die kaas in werklikheid?

B. Lees die gedig in die klas en beantwoord dan die vrae in jou klaswerkboek.

Spoke

(deur Antjie Krog)


om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd

’n spook kom deur die sleutelgat
of kan soos biltong aan klere hang
of soos ’n kriek vloerlangs sluip
of soos ’n slim kakkerlak agter waterpype
plak

hy sweef teen muur of dak
oor dorings slagysters of ’n sandwoestyn
net soos hy wil kan hy verskyn of
verdwyn of skielik jakkalstjank van pyn

’n spook moet jy nooit groet nie
soos vuur skroei hy jou hand
vir altyd het jy dan ’n vlek
wat soos geraamtevingers brand

om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd
’n spook kan deur ’n sleutelgat
of geruisloos onder jou bed kom lê
– lakenplat.



C. Begripstoets

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek. Onthou om volsinne te gebruik.

1. Uit hoeveel **strofes** bestaan hierdie gedig? [1]

2. Uit hoeveel **verseëls** bestaan strofe 3? [1]

3. Watter twee tye is dit presies twaalfuur snags? [2]

4. Wat dink jy beteken die **vergelyking** “soos biltong aan klere hang” (strofe 3)? [1]

5. Watter drie goed kan ’n spook doen “net soos hy wil”? [3]

6. Gee ’n **sinoniem** (woord met dieselfde betekenis) vir ‘sweef’ (strofe 3). [1]

7. Waarom moet mens nie spoke groet nie? [1]

8. Wat dink jy bedoel Antjie Krog as sy sê dat ’n spook ‘lakenplat’ onder jou bed kan kom lê? [1]

9. Wat beteken ‘skroei’ (strofe 4)? [1]

10. Wat beteken ‘geruisloos’ (laaste strofe)? [1]

11. Hoe kom spoke, volgens hierdie gedig, in mens se huis? [1]
